Acta Theologica 2003: 1

# VERNUWING IN DIE KERKLIED: DIE *LIEDBOEK VAN DIE KERK* (2001)

E. C. Kloppers[1]

## ABSTRACT

## RENEWAL IN HYMNODY: THE NEW HYMNAL IN AFRIKAANS (2001)

Renewal in hymnody and an "explosion" of hymns are taking place world-wide. Many new hymnals were published in the past decades. A new hymnal in Afrikaans, *Liedboek van die Kerk*, was also taken into use during 2001. In this article certain aspects of renewal reflected in this hymnal are discussed and related to world-wide tendencies. Aspects discussed are liturgical forms and hymns handed down from the early history of the church; forms promoting more active participation; ecumenicity; diversity and plurality to accommodate various groups and generations; the versification of the Psalter; the rubrication; and the formation of liturgists. It is shown which aspects were addressed successfully and which should receive more attention in future.

## 1. INLEIDING

Wêreldwyd heers tans groot belangstelling in kerkmusiek. In 1992 is bereken dat daar tussen 1984 en 1994 vier en veertig nuwe gesangboeke in die VSA sou ontstaan — dertig as amptelike gesangboeke vir kerkgenootskappe. Rondom die millenniumwisseling het die getal liedboeke wêreldwyd nog meer dramaties toegeneem. Benewens die herontdekking van psalmsang *in verskillende vorme*, het daar die afgelope paar dekades 'n "ontploffing" van himnodie plaasgevind. 'n Nuwe liedboek in Afrikaans, die *Liedboek van die Kerk*, is ook aan die einde van 2001 in gebruik geneem. Daarin word belangrike vernuwingtendense gereflekteer. In aansluiting by die studie van Kloppers (1997) en die praktykteoretiese aanbevelings daarin vervat, word in hierdie artikel aspekte van die vernuwing in die *Liedboek* bespreek en aangetoon watter sake suksesvol aangespreek is, en watter aspekte in die toekoms meer indringend aandag behoort te kry. Aspekte van die proses word ook gedokumenteer, met die oog op toekomstige verwysing en oriëntering.

1 Dr. Elsabé Kloppers, Departement Musiek, Universiteit van Pretoria, Pretoria 0002, e-pos: iksa@mweb.co.za

## 2. AKTIEWE, BEWUSTE DEELNAME

'n Verskuiwing is besig om plaas te vind vanaf 'n groot mate van passiwiteit in die erediens na volle, aktiewe en bewuste *deelname*. Hierdie nuwe beklemtoning van "aktiewe betrokkenheid by mekaar" bevestig die ekklesiologiese en teologiese verskuiwings van die laaste aantal dekades. Dit staan teenoor 'n eensydige teologiese siening waarvolgens die lidmaat na die erediens kom om *met die Woord bedien te word*. Die gemeente as liggaam van Christus wat bepaalde gawes ontvang het *om mee te dien*, word beklemtoon. Met die gawes moet kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie verrig word: deur die handelinge word geloof *aan mekaar* gekommunikeer. Ten opsigte van die musiek beteken dit dat daar in die erediens sprake moet wees van liedere wat *deelname* bewerkstellig, wat uitnooi tot deelname en tot meedoen. Belangrik is liedere wat *simboliese waarhede* (geloofswaarhede) kan bemiddel, dus liedere met sterk *kommunikatiewe waarde*.

## 3. LIEDERE EN VORME UIT VERSKILLENDE TYDPERKE VAN DIE KERK

Die wêreldwye liturgiese vernuwing van die afgelope eeu is veral daarop gerig om sang- en liturgiese praktyke wat deel is van die lang geskiedenis van die kerk opnuut te ontdek en ook weer op 'n *eietyds-relevante* wyse in die erediens te inkorporeer. Daar word dus ook gekyk na sangpraktyke en liedere van voor die Reformasie — na dit wat deel was van die vroeë Christelike kerk én praktyke in die Ou Testament. Een van die hoofdoelstellings van die Reformatore was trouens die herstel van die praktyke in die vroeë Christelike kerk waarvolgens elke gemeentelid aktief en spontaan aan die erediens moes deelneem en nie net die priesters nie.

Van die Reformatore het Luther die ruimste oor die kerklied gedink. Calvyn (anders as Zwingli) wou egter ook hê dat daar veel meer gesing moes word. Beide Luther en Calvyn het die verkondigende funksie van gemeentesang sterk beklemtoon. Ná die reformasie is Luther en Calvyn se bedoelings dikwels skeefgetrek deur hulle navolgers en is daar weer in eensydighede verval wat die deelname aan die gemeente negatief beïnvloed het (vgl. Smelik 1995:33). In reaksie op hierdie eensydighede het daar in die laaste aantal jare wêreldwyd weer 'n groot behoefte aan meer aktiewe en spontane *deelname* in die erediens ontwikkel, soos aangetoon. Ook in die Afrikaanse kerke moes (en moet) liedere gevind word wat dié behoefte aanspreek.

In die nuutste liedboeke word 'n wye verskeidenheid ekumeniese sang- en liedvorms aangetref, naamlik strofiese liedere (wat nog steeds die meerderheid vorm); psalms wat kantillerend getoonset is; Katolieke ordinariumstukke wat hulle oorsprong in die vroeë liturgiegeskiedenis het, dikwels as aanhalings uit die Bybel (die *Kyrie, Gloria, Credo, Sanctus* en *Agnus Dei*); die Tien Gebooie, Apostoliese en Niceense Geloofsbelydenis, die *Ons Vader*, en die *Lofsange van Maria, Sagaria en Simeon* (vgl. Kloppers 1997:349-357; Strydom 1994:305-323). Van die belangrikste "nuwe" ontwikkelinge is wisselvorms, veral keervers- of antifoon-liedere en refreinliedere – vorms wat reeds in die Ou Testament voorkom.

Opvallend is liturgiese materiaal in *miniatuurvorm*, naamlik toonsettings van kort *Halleluja-* en *Amen-* akklamasies (uitroepe), doksologieë (lofprysinge), kanons, en die sogenaamde *Singsprüche* — toonsettings van kernagtige Bybelse of liturgiese uitsprake. Kort vorms kan ook 'n sterk *kommunikatiewe waarde* en *simboliseringsvermoë* hê. Hierdie belangstelling in miniatuurvorms hou myns insiens ook verband met die postmodernisme se belangstelling in die *kleinverhaal* en *kleinvorm* (Kloppers 1997:350; 2000:109). Hierdie idiome en vorme is by uitstek geskik om *deelname* te bewerkstellig omdat dit responsoriale sang en spreke bevorder.

## 4. 'N BREË SPEKTRUM VAN LIEDVORME EN STYLE OM VERSKEIDENHEID TE AKKOMMODEER

Met betrekking tot die verskeidenheid vorme in die nuwe gesangboek van die *Reformierte Kirche* in Switserland (1998), wys Stefan (1995:[4]) daarop dat dit die gemeente uitnooi om haar rol as draer van die erediens bewustelik waar te neem. Die volheid van 'n meer uitgebreide repertorium bied die geleentheid daartoe. Omdat die handelinge in die erediens nie slegs betrekking op die erediens het nie, maar die hele lewe en lewensloop behoort te betrek, moet kerkliedere ook betrekking hê op die hele lewe van die gelowige:

> Christlicher Gottesdienst bezieht sich einerseits auf die in der Schrift bezeugten Ursprungssituationen des Glaubens und führt andererseits über die Erfahrungen im Jahres-, Tages-, und Lebenskreis in die aktuelle *Tagesordnung der Welt* (Stefan 1995:[5]).

In 'n gesangboek moet dus genoeg liedere wees wat die "daaglikse ordening van die lewe" binne die geloofshorison betrek. In dié verband is die Switserse gesangboek 'n uitstekende voorbeeld, met ses rubrieke onder die volgende opskrifte: *Erediens in die Bybel: Psalms en ander Bybelse gesange* (op-

vallend is dat hier nié die *ongeldige* onderskeid tussen *psalms* en *gesange* gemaak word nie — psalms word óók as Bybelse gesange of liedere beskou; die psalms kom ook in 'n *verskeidendenheid vorms* voor); *Erediens in die gemeente; Erediens in die verloop van die jaar; Erediens in die verloop van die dag; Erediens in die verloop van die lewe; Erediens in die verloop van die wêreld*. Die *erediens* en die verband met die lewe vorm dus die uitgangspunt van die gesangboek, téénoor 'n *dogmaties*-bepaalde indeling. Dit is 'n wêreldwye tendens by die samestelling van gesangboeke, wat dui op die verskuiwing in liturgies-teologiese denke.

Die wyse waarop verantwoordelike erediens- en kerkmusikale vernuwing wêreldwyd plaasvind, bied waardevolle perspektiewe en rigtingwysers waarlangs vernuwing in die Afrikaanse kerke kan plaasvind. Volgens Viljoen (1999:120-121) het die navorsing van Strydom (1994) en Kloppers (1997) die rigting vir eietydse vernuwing deurslaggewend aangedui. Die *Voorwoord* van die *Liedboek* (2001:10) meld ook dat Kloppers 'n groot getal nuwe stof gelewer het waarmee die hedendaagse internasionale himnologie aan die gemeentes bekendgestel kan word. Strydom verdien egter ook om in dié verband vermeld te word. Strydom het eietydse liedere ontsluit (onder meer 208, 224, 424, 474), maar het verder 'n groot bydrae gelewer om die ouer, histories- en ekumenies belangrike liedere in Afrikaans beskikbaar te stel (onder meer 322, 402, 403, 413). Kloppers het, naas 'n dertigtal langer tekste, 'n wesenlike bydrae ten opsigte van eietydse responsoriese vorms en kanons gelewer (onder meer *Liedboek* 162, 173, 204, 206, 247). Dit is vorme wat veral kan bydra tot liturgiese vernuwing en meer aktiewe deelname in die erediens. As die nuutste gesangboeke uit die reformatoriese tradisie in Europa het die *Reformiertes Gesangbuch* (1995/1998) van die Switserse *Reformierte Kirche*, asook die *Evangelisches Gesangbuch* (1993) van die *Evangelisch Lutherische Kirche Deutschlands* (EKD) as belangrike rigtinggwyser en bron vir beide se bydraes gedien (vgl. Kloppers 1997:350-359; 1999:12-16).

In die *Liedboek* is dus kortvorme soos response (189; 242, 243; 246-248); kanons (160; 173, 178, 179, 185, 187, 204, 211, 226, 272, 316, 317, 328, 333, 347, 369, 398, 446, 471, 564); refreinliedere ('n reeds-bekende vorm), antifoon-liedere/liedere met keerverse (111/112, 400, 413, 424); gebed-response (litanieë) (181, 278/9) en liedere met wisselsang tussen voorsanger en gemeente, of wisselsang tussen twee groepe (162, 166, 302, 311, 356, 379, 533, 534; 545) opgeneem. Voorbeelde van hierdie vorme en ander nuwe liedere is deur middel van 'n *Proefsangbundel* (1998) aan die kerke bekendgestel. Op dié wyse is moontlike weerstand teen vernuwing deur positiewe inligting en toerusting reeds hanteer, en is die resepsie van die *Liedboek* bevorder (vgl. Kloppers 1997:358-360 t.o.v. die resepsiefaktore

wat in ag geneem behoort te word en die belang van 'n grondige bekendstellingsproses).

Liedere in 'n verskeidenheid idiome, style en vorms dra en akkommodeer die verskillende liturgiese handelinge en bevorder kommunikasie en deelname. So kan 'n gemeente spontaan ná 'n gebed *Amen* sing (veral 313, die kort Amen) of *Hoor ons bid o Heer*; na die skuldbelydenis *Heer, wees ons genadig — Kyrie Eleison;* na die skriflesing *Halleluja;* en aan die einde van die erediens 'n langer *Amen* (312, 313, 315). In aansluiting by Calvyn kan, wanneer die Wet *gelees* word, die *Kyrie Eleison* ná elke gebod gesing word.

## 5. 'N EKUMENIESE GERIGTHEID

Die liturgiese vernuwing en vernuwing op die terrein van kerkmusiek die afgelope eeu hang saam met 'n groter *ekumeniese* gerigtheid waar kerke meer met mekaar in aanraking begin kom het en waardering vir sekere aspekte van ander se tradisies ontwikkel het. 'n Groter bewussyn vir die *gesamentlike* liedskat het ook ontwikkel (vgl. Wainwright 1996). Die oorheersende besef is dat 'n individuele kerk nie in isolasie bestaan nie en dat die kerklied nie bloot die lied van één kerk is nie. Die kerklied is die middelgrond waar kerke wat onderling oor baie dinge kan verskil, dikwels groot ooreenstemming in die uitspreek van die geloof vind. Harnoncourt (1974) toon dat die kerklied na sy wese in die openingsgebied van die kerk na die wêreld lê en dat daarin 'n kerklike selfverstaan geleë is wat met die individuele kerk verband hou (*teilkirchliche*), maar wat sowel ook 'n *gesamtkirchliche* verantwoordelikheid dra.

Die kerklied vorm dus die band met gelowiges oor alle eeue en die band met gelowiges oor die hele wêreld. Dit beteken dat die *geloofstradisie* én die *ekumeniese band* belangrik is (vgl. die Voorwoord van die *Proefsangbundel* 1998). Verskeie van die nuwe liedere en vorme is afkomstig van oor die hele wêreld: Frankryk (veral die Taizé-liedere); Nederland; Duitsland; Wallis; Skotland; Engeland; Amerika; Rusland; Noorweë en Denemarke. Die ekumeniese band is dus in ag geneem en versterk, sy dit deur die toedoen van enkele lede van die Gesangkommissie. Dit is verder belangrik dat daar 'n interaksie tussen die beginsels van historisiteit, ekumenisiteit en die spesifieke eietydse konteks van 'n bepaalde kerk moet wees.

## 6. HERSIENING VAN BESTAANDE TEKSTE

Benewens nuwe *liturgiese vorme*, asook langer nuwe liedere, is die tekste van bestaande liedere in die Gesangboek (1978), *Sing onder mekaar* (1989), die twee Jeugsangbundels en sekere liedere uit die Hallelujabundel, grondig

hersien. Die ideaal wat deur die Gesangkommissie gestel is, is dat elke lied sover moontlik 'n tematiese eenheid moet vorm en dat dit as 'n eenheid gesing moet kan word — vergelyk Dick Watson (1998:14) wat as literator én himnoloog duidelik aantoon dat 'n lied nie bloot 'n *versameling van strofes* moet wees nie, maar dat daar so 'n mate van ontwikkeling in denke moet wees, en dat die wedersydse afhanklikheid só waarneembaar moet wees, dat 'n gedagte of strofe *nie weggelaat kan word* sonder om die eenheid skade te berokken nie. Liedere behoort hoogstens vier, vyf of ses strofes te hê, afhangende van die lengte van elke strofe. Bepaalde strofes is gevolglik uit bestaande liedere weggelaat omdat dit tematies nie 'n eenheid met die ander strofes gevorm het nie, of vanweë teologiese, literêre of taalkundige probleme, of miskien omdat 'n lied te lank was om liturgies (en selfs fisiek — vgl. Dienstboek 1998:1183) as 'n sinvolle eenheid te kan funksioneer.

## 7. DIE PSALMOMDIGTING

By die Psalmkommissie het ander kriteria gegeld as by die Gesangkommissie. Tematiese eenhede, liturgiese funksionaliteit en tekste wat musikaal as 'n eenheid kan funksioneer (dus werklik as liedtekste, soos Watson aantoon), is nié in ag geneem nie. Die Ou-Testamentiese teks moes gewoon volledig en sover moontlik *ongeïnterpreteer* in Afrikaans weergegee word — ook sonder inagneming van die lengte van 'n (funksionele) liedteks. Daar is nie gepoog om die hermeneutiese breuk tussen die verstaanshorison van die Ou-Testamentiese teks en die verstaanshorison van die huidige gelowige te oorbrug (soos in 'n preek wel gedoen word) nie. Soos die psalms nou weer omgedig is, is die moontlikheid tot sinvolle en verantwoorde horisonversmelting in baie gevalle problematies. In aansluiting by die standpunte van gesaghebbende internasionale himnoloë en liturgiewetenskaplikes, soos Walter Brueggemann (1991; 1992; 1995), Paul Bradshaw (Professor in Liturgiewetenskap: *Notre Dame* VSA) (2000), Alan Luff (Vise-president: *Internationale Arbeitsgemeinschaft für Hymnologie*, asook die *Hymn Society of Great Britain and Ireland*) (1992), Andreas Marti (Professor in Himnologie: Bern, Zürich) (1994) en Dick Watson (Professor in *English Literature:* Durham, UK) het ek kritiek ten opsigte van hierdie beleid in referate en artikels en by die Psalmkommissie self uitgespreek, en voorstelle gemaak (Kloppers 1994, 1997, 1999, 2000, 2002).

My standpunt was en is steeds dat die psalms as tematiese eenhede én as *singbare eenhede* omgedig behoort te gewees het, met ander woorde met 'n beperkte aantal strofes wat as 'n eenheid kan funksioneer, sodat daar selfs verskeie omdigtings wat op verskillende aspekte fokus, uit een psalm sou kon ontstaan. Op enkele uitsonderings na (by dié kerke met 'n sterk funda-

mentalistiese ingesteldheid) is dit die ideaal wat vir nuwe omdigtings gestel word en is die beeld wat psalms in *nuwe liedboeke* vertoon, dié van korter, *singbare eenhede*. In nuwe liedboeke word die psalms ook in 'n groot verskeidenheid van vorms opgeneem. Die nuwe psalmomdigting vertoon dus in vergelyking met moontlikhede wat wêreldwyd bestaan, min vernuwing. Reeds in 1970 het die bekende Switserse himnoloog, Markus Jenny (1970: 22-34) daarvoor gepleit dat nie-liedmatige gemeentesang en ander vorme meer aandag in reformatoriese liedboeke moet kry — veral wisselsang en psalmodie in spreekvorm (vgl. ook Friedrich-Gäumann 1999:208). Enkele vorms van wisselsang is in die *Liedboek* opgeneem, maar psalmodie in onberymde spraaksang of resitatief is nog heeltemal non-eksistent. In toekomstige liedboeke behoort die psalms in 'n veel groter verskeidenheid van vorms te verskyn en steeds as *psalms* beskou te word (vgl. Kloppers 2002b: 53-54).

## 8. 'N REPERTORIUM VAN JEUGLIEDERE?

Kriteria vir kerkliedere hang saam met 'n kerk se teologiese verstaan, die selfverstaan van 'n kerk, die siening van die geloofstradisie en die siening van die voortsetting van die tradisie. Kriteria kan dus nie gestel word wat algemeen-geldig is vir *alle kerke* te *alle tye* en vir alle *plekke* nie. Sekere liedere is meer aanvaarbaar vir 'n sekere kerk omdat dit met 'n kerk se eie beeld, teologie en spiritualiteit ooreenstem. Binne 'n kerk is daar egter ook ruimte vir verskillende liedere met verskillende funksies. 'n Byeenkoms met kleiner kinders of jongmense kan ander liedere hê as 'n byeenkoms met ouer mense. Dit kan liedere wees wat nie noodwendig deur 'n groot groep gesing kan word nie (byvoorbeeld kanons en ander kortvorms), maar dit behoort ook liedere te wees wat jongmense (in die kleiner groep) *in* die erediens sou kon sing.

Dit is geen maklike taak om liedere vir die jongmense daar te stel wat hulle kan *beleef* as outentiek "vir hulle bedoel" nie (let wel, die klem word op *beleef* geplaas, want die vraag is of 'n lied *vir die jongmense* musikologies of teologies of literêr bepaal kan word). Dit is so dat jongmense in 'n bepaalde ouderdomsgroep dikwels nie hou van sing nie — om fisiologiese, psigologiese of watter redes ookal (vgl. Oosterhuis 1990:154). Dit geld egter nie vir almal nie. Wat die saak ingewikkelder maak, is dat jongmense graag as deel van die massa funksioneer. Die *groep* se waardes word oorgeneem en die groep bepaal die norm. Dié norm wissel dikwels ook van dag tot dag! Tog is daar liedere in die nuwe *Liedboek* wat die jeug behoort aan te spreek. Die meeste van die kanons en korter vorme, veral dié uit die Taizé-repertorium, bied goeie moontlikhede omdat dié liedere hulleself

reeds wêreldwyd onder jongmense bewys het. So ook die gebed van Franciskus van Assisi (284). Die jeug moet voortdurend blootstelling aan nuwe liedere ervaar — 'n groot taak, juis omdat jongmense ás hulle sing, meestal eerder bekende liedere wil sing as om nuwes aan te leer. Nuwe liedere vir jongmense en blootstelling daaraan, behoort 'n voortgaande taak te wees.

## 9. RUBRIEKINDELING

Die rubriekindeling van die *Liedboek* toon groot vernuwing. Die *Psalm- en Gesangboek* (1978) is binne 'n dogmatiese raamwerk saamgestel. Die eietydse tendense is egter veel eerder gerig op liturgies gekonsipieerde liedboeke. Dit beteken dat die *liturgiese funksie* van liedere sentraal staan. Die verband van liedere met die Kerkjaar en die funksie wat liedere in die erediens tydens besondere tye in die Kerkjaar vervul, is 'n belangrike uitgangspunt. Die onderverdelings in 'n dogmaties-gekonsipieerde liedboek, soos byvoorbeeld God die Seun, God die Heilige Gees en God Drie-enig, word grootliks ondervang deur 'n indeling volgens die Kerkjaar. So staan God die Seun tydens Kersfees en Paasfees primêr, God die Heilige Gees tydens Pinkster en God Drie-enig vanaf Drie-eenheid-Sondag. Die nuwe liturgies-saamgestelde liedboek (waar ook sterk by die Switserse *Reformiertes Gesangbuch* aangesluit is) is dus soos volg ingedeel:

1 Die erediens (151-317)

2 Die liturgiese jaar (318–454)

3 Die erediens van die lewe (455-602)

Uit dié rubriekindeling kan duidelik die verskillende handelinge in die erediens en die liedere wat by elke handeling pas, bepaal word. Die rubriekindeling as sodanig bied dus al duidelike riglyne waar baie van die nuwe vorme en liedere *in die liturgie* tuishoort. Vanselfsprekend is daar liedere en vorme wat oorvleuel – liedere wat by een rubriek ingedeel is, maar wat op verskillende plekke in die liturgie gebruik kan word. Die liturgiese insig en kreatiwiteit van die liturg, orrelis en die erediensbeplanningsgroep, speel hier 'n belangrike rol. Die rubriekindeling toon ook duidelik die verloop van die kerkjaar of liturgiese jaar en watter liedere in watter tyd tuishoort. Daaruit kan liturge ook duidelik sien dat 'n lofsang wat uitdruklik met die opstanding verband hou (bv. *Jesus, ons eer U, opgestane Heer*) nié as 'n lofsang tydens die Lydenstyd gebruik kan word nie — in die Lydenstyd, sowel as in Advent, is die lofsang (*Gloria*) trouens onvanpas (vgl. *Dienstboek* 1998:156). So moet liturge/predikante ook weet dat die Halleluja-respons, of liedere waarin *Halleluja* voorkom, nié tydens die Lydenstyd gesing word nie.

Die feit dat die psalms nie liturgies óf volgens die kerkjaar ingedeel is nie, is problematies. Dit spruit onder meer uit die feit soos bo aangetoon dat baie psalms tematies nie 'n eenheid vertoon nie. Die wyse van omdigting beïnvloed dus die liturgiese funksionering van die psalms, wat ook die *konkrete gebruik* van die psalms in die erediens negatief kan beïnvloed.

Uit die rubriekindeling kan ook met 'n oogopslag gesien word waar leemtes bestaan. Dit geld veral Advent, Pinkster, en die rubriek *Liefde, dankbaarheid en diens*. Dit is positief dat *Wegsending* afsonderlik as liturgiese handeling ingedeel is, maar dit kan nie die leemte vul wanneer liedere wat konkreet tot *daad*, tot *diens* en tot die *uitleef van die geloof* aanspoor, nie genoegsaam voorkom nie. Hierdie leemtes dui myns insiens op eensydighede in die teologie, die liturgiese bewussyn én in die geloofslewe, en is aspekte wat aangespreek moet word.

## 10. LITURGIESE VORMING

> Die Reform der Liturgie ist völlig Nebensache gegenüber der Reform der Liturgen
>
> (Otto Baumgarten, in Von Bassi 1988:349)

Daar is 'n groot leemte by ons predikante wat betref kennis van die kerkjaar en hoe die erediens dienooreenkomstig ingerig behoort te word. Die historiese ontwikkeling oor tweeduisend jaar, en die ekumeniese band wat ook deur die kerkjaar gevorm word, word in so mate geïgnoreer dat dit dikwels voorkom asof liturge dink ons is die eerste en die enigste gelowiges in die wêreld! Dit geld egter ook vir baie ander aspekte met betrekking tot die erediens. Te min aandag word nog aan elke aspek van die erediens gegee. Die sinvolle inrigting van die liturgie kan slegs plaasvind as *al* die elemente van spreke, musiek, kuns, simbole, rituele, en dies meer as omvattende deel van die geloofsverkondiging en geloofservaring, as *Gesamtkunstwerk* (Hauck 1978:405; vgl. Kloppers 1997:127-132) in ag geneem word. Die grondige toerusting van predikante met betrekking tot die kerklied en die liturgie as geheel is 'n noodsaaklikheid. Met die nuwe liedere en nuwe vorme sal hopelik ook 'n nuwe belangstelling in die liturgie en die liturgiese funksie van die kerklied ontwikkel, wat ook ons liturge sal stimuleer tot nuwe kreatiwiteit.

## 11. VOORTGAANDE VERNUWING

Met die *Liedboek van die Kerk* is 'n belangrike begin gemaak met verantwoordelike vernuwing. Deur *diversiteit* is gepoog om verskillende sosiale, kultuur- en opvoedkundige agtergronde, die gedifferensieerdheid van 'n

gemeente én van verskillende gemeentes te akkommodeer. Deur middel van die verskillende liturgiese handelinge wat veral deur musiek opnuut betekenis kan verkry, die verband tussen die erediens en die *lewe* wat opnuut beklemtoon word, die betekenis van die *kerkjaar* en die verband met die lewens van die gelowige, en 'n wye verskeidenheid liedvorms, liedstyle en idiome waardeur alle aspekte van die geloofslewe ten volle verklank kan word, kan die gelowiges aangespoor word tot *aktiewe deelname* aan die gemeente as die één liggaam van Christus.

Wat nou belangrik is, is dat gemeentes aan die verskeidenheid van liedere en vorme blootgestel word deur dit konkreet te leer sing en dit sinvol en kreatief in die erediens te gebruik. Die gemeente moet gelei word om tot 'n gebalanseerde intellektuele én emosionele verstaan van 'n steeds groter verskeidenheid musiekidiome, -style en -vorms te groei. So kan gelowiges tot ware liturgiese kommunikasie — geloofskommunikasie — kom. Deur liturgiese sang wat as *sinvolle kommunikatiewe handeling* funksioneer, kan die gelowiges die ontmoeting met God, met hulleself en met mekaar eksistensieel beleef. Mag die werk aan die kerklied van hier af voortgaan en mag daar verder gelowiges na vore tree wat werklik begenadig is om tekste en musiek te skep wat die kerk en gelowiges sal opbou en inspireer. Mag die kerk se gebed steeds wees: *Veni Creator, Spiritus mentes tuorum visita...*

## BIBLIOGRAFIE

BRADSHAW P

2000. *The Psalms in Christian worship*. Chichester: Guild of Church Musicians.

BRUEGGEMANN W

1991. *Abiding astonishment. Psalms, modernity, and the making of history*. Louisville: Westminster.

1992. Lobpreisung: eine Politik freudiger Hingabe. *IAH-Bulletin* 20:57-81.

1995. *The Psalms and the life of faith*. Minneapolis: Fortress.

COMMISSIE VOOR HET DIENSTBOEK VAN HET SAMEWERKINGSORGAAN VOOR DE EREDIENST

1998. *Dienstboek — een proeve. Schrift — maaltijd — gebed*. Zoetermeer: Boekencentrum.

EVANGELISCH LUTHERISCHE KIRCHE DEUTCHLANDS (EKD)

1993. *Evangelisches Gesangbuch* (EG). Göttingen: Vandenhoeck.

EVANGELISCH-REFORMIERTEN KIRCHEN DER DEUTSCHSPRACHIGEN SCHWEIZ
1995. *Arbeitsbericht und Gesangbuchentwurf*. Zürich: TVZ.
1998. *Reformiertes Gesangbuch*. Zürich: Theologischer Verlag.

FRIEDRICH-GÄUMANN V
1999. Geschichte und Strukturen der Evang.-Ref. Kirchenmusik in der Schweiz im 20. Jahrhundert. *MuG* 5:206-211.

HARNONCOURT P
1978. *Gesamtkirchliche und teilkirchliche Liturgie*. Freiburg: Herder.

HAUCK K (Hrsg)
1978. *Frühmittelalterliche Studien. Jahrbuch des Instituts für Frühmittelalterforschung der Universität Münster, 12. Band*. Berlyn: De Gruyter.

INGELSE C *et al*
1995. *Nieuw handboek voor de kerkorganist*. Zoetermeer: Boekencentrum.

JENNY M
1970. *Die Zukunft des evangelischen Kirchengesanges*. Zürich: TVZ.

KLOPPERS E C
1994. Riglyne vir sinvolle vernuwing van liturgiese musiek. Referaat: Predikantevergadering Ned. Herv. Kerk.
1997. Liturgiese musiek as kommunikatiewe handeling in 'n postmoderne era. D. Th.-proefskrif UNISA.
1998. Proefsangbundel. Pretoria: Instituut vir Kerkmusiek in Suid-Afrika.
1999. Die Gesangboek van die *Reformierte Kirche* in Switzerland. *Vir die Musiekleier* 26:13-16.
2000. 'n Nuwe Psalmomdigting in Afrikaans: Uitgangspunte, beleid, probleme. *HTS* 56(1):192–204.
2002. 'n Perspektief op die nuwe Psalmomdigting — reaksie op 'n reaksie. *HTS* 58(1):235-249.
2002b. "Woorde in die mond gelê?" Psalmomdigting en die proses van kanonvorming. *Acta Theologica* 22/1:42-56.

LIEDBOEK VAN DIE KERK
2001. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

LUFF A
1992. What do we do, when we *sing* the Psalms? *Hymnology Annual* 2:88-99.

MARTI A
1994. Verordnet aus dem Volk? Kirchengesang zwischen Herrschaftsinstrument und Mittel der Emanzipation. *IAH-Bulletin* 22:93-110.

OOSTERHUIS H
1990. *Licht dat aan blijft: 30 jaar liturgie-vernuwing*. Kampen: Kok Agora.

SMELIK J
1995. Opvattingen over muziek in de kerkgeschiedenis. In: Ingelse, C. *et al*. 1995:25-41.

STEFAN H-J
1995. Arbeitsbericht. In: *Arbeitsbericht und Gesangbuchentwurf*. Zürich: TVZ, 7-36.

STRYDOM W M L
1994. *"Sing nuwe sange, nuutgebore". Liturgie en lied*. Bloemfontein: Dept. Musiek UOVS.

VILJOEN M
1999. Die tweeslagtige kerksangpraktyk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk: 'n historiese perspektief op die eietydse vraagstuk. *Acta Academica* 31/3: 94-126.

VON BASSI H
1988. *Otto Baumgarten. Ein "moderner Theologe" im Kaiserreich und in der Weimarer Republik*. Frankfurt: Suhrkamp.

WAINWRIGHT G
1996. The hymnal between confessional particularity and ecumenical openness. Plenary Address, 18th IAH Conference. *IAH-Bulletin* 24L:31-53.

WATSON J R
1998. Alphas and omegas of hymn writing. *IAH Bulletin* 26:5-17.

| *Trefwoorde* | *Keywords* |
|---|---|
| Himnologie | Hymnody |
| Vernuwing | Renewal |
| Suid-Afrika | South Africa |
| *Liedboek van die Kerk* (2001) | *Liedboek van die Kerk* (2001) |